Sewe Weke DIEPER 3 – Ek glo . . . omdat daar orde is.
Psalm 104

Inleidend
As jy die woord "chaos" hoor, wat is die prentjie of ervaring wat by jou opkom?
As jy die teenoorgestelde woord "orde" hoor, wat is die prentjie of ervaring wat by jou opkom?
Hoe voel daardie "chaos", wat is die emosies wat "chaos" by jou wakker maak?
Hoe voel "orde", wat is die emosies wat jy beleef in die ervaring van "orde"?

Prentjies van "chaos"



Chaos bring spanning, angstigheid. moegheid, misverstande, frustrasie, geirriteerdheid, trauma ens.

Prentjies van orde?

Orde bring rustigheid, vrede, kreatiwiteit, moontlikhede, dankbaarheid, vreugde ens.

Dit is tog nie altyd so eenvoudig om tussen chaos en orde te onderskei nie.

Wat bedoel ons dan as ons sê dat ons glo...omdat daar orde is?
In die skeppingsverhaal in Genesis 1 lees ons...
"In die begin het God die hemel en die aarde geskep. Die aarde was heeltemal onbewoonbaar, dit was donker op die diep waters..."
Die woord onbewoonbaar sinspeel op verlatenheid en leegheid. Die watermassa was vir die mens van destyds 'n bedreiging.

Dit was soos ’n chaosmag – ’n oormag wat onkeerbaar was. Die duisternis was iets onheilspellends, anti-God en selfs boos. Die ondertoon van die onbewoonbaarheid is iets onheilspellends. Dit verteenwoordig magte wat by die mens vrees inboesem, wat onbeheerbaar is. Dit was chaos!
En dan lees ons...maar die Gees van God het oor die waters (chaos) gesweef. God het die ongeordende materie gemaak en daarna stap vir stap dit georden...Lig en donker...dag en nag...hemel en aarde...see en land...hemelligame, son, maan en sterre... plante en diere, seediere en landdiere...die mens as die kroon van die skepping...alles het hulle plek gekry, presies in verhouding tot God en tot mekaar georden. En ons lees DIT WAS GOED...dit was die PARADYS.
Daar was lewe, vrede, vreugde, kreatiwiteit, mooi, moontlikhede, vryehid.

Die Psalmdigter van Ps 104 is in verwondering oor hierdie Skepper God wat so presies alles kom skep en vorm en orden het Ons lees dit in die loflied.

- Hy is die Skeppergod (Ps 104:2-5) en die hele skepping staan in sy diens
- Die magte van Chaos neem die wyk op hierdie God se bevel – Hy bring orde (Ps 104:6-9)
- Hy is die Voorsiener van alle lewe, water, kos en skuiling (Ps 104:10-18)
- Hy orden die skepping (Ps 104:19-32) Elke dingetjie het sy eie plek en ritme en pas in verhouding tot mekaar en is interafhanklik van mekaar.

Alles in hierdie wêreld is een groot ekosisteem wat afhanklik is van mekaar en in harmonie en balans met mekaar gehou word. Soms wanneer mens in die natuur kom, staan mens in totale verwondering oor die grootheid van dit alles en hoe fyn alles inmekaar pas.
David Attenborough se video op U-tube wys vir ons:

- Omdat plante ge-wortel is in die grond het dit ’n klein negatiewe lading
- Hierdie klein negatiewe lading word oorgedra op die blomme van plante - blomme het dus ’n klein negatiewe lading
- Wanneer bye vlieg kry hulle ’n klein positiewe lading as gevolg van die wind wat oor hulle vlerke waai
- Wanneer ’n by dan op ’n blom gaan sit kanselleer hierdie twee ladings - die klein negatiewe lading van die plant en die klein positiewe lading van die by, mekaar uit en word die blom se lading neutraal
- Wanneer ’n volgende by dan by daardie blom verbykom, tel die by op dat daar ’n neutrale lading op daardie blom is
- Die by “weet” dan dat daar by hierdie spesifieke blom, reeds ’n by was
- Hierdie tweede by mors met ander woorde nie sy tyd om weer by daardie blom nektaar te gaan soek nie, maar beweeg aan na die volgende blom totdat die by ’n blom kry wat ’n negatiewe lading het - waar daar met ander woorde nog nie ’n by was nie en daar dus nog nektaar is.

God skep, orden en bring alles in harmonie tot mekaar uit sy liefde, sodat daar lewe kan wees, vreugde kan wees, vrede kan wees, verwondering kan wees. Die skepping roep uit wie en hoe God is.

Maar dan sien ons hoe die versteuring van die EKOSISTEEM van God plaasvind deur die menlike EGOSISTEEM. Die mens wat self soos God wil wees – God wil wees.

- Die verhouding tussen God en die mens (Die mens begin wegkruip vir God)

- Tussen mense onderling (Verwyte, jaloesie, kompetisie)
- Tussen die mens en die natuur (Heers en oppas word oorheers en mesbruik)
- Die mens tot hom en haarself (skaam en onseker)

Wat is dit wat die chaos in ons wêreld veroorsaak? Lê dit nie juis alles in hierdie versteuring van verhoudings wat God so presies en delikaat gevorm het nie?

Maar dank die Here die Skepper God is ook die Herskepper. Ons lees hoe God in Christus kom en en in sy liefde en genade en vergifnis deur sy Gees die chaos in verhoudings kom herstel/kom herskep en orden.

Hy vat chaos en Hy orden. Sy Gees waai oor die onbewoonbaarheid van ons menslike chaos wat vandag nog verlatenheid verander in bewoonbaarheid, chaotiese lewens herskep en lig bring wanneer die duisternis op jou toesak. Dit is die krag wat nog steeds gewone mense toerus vir hulle daaglikse verantwoordelikhede, wat stukkende mense heel maak, gebroke verhoudings herstel, mense wat ly en treur troos. Dit is die Gees van God wat ons lei tot sondebesef en vergifnis, versoening en nuwe herskepte/ geordende lewens.

Wanneer ek bely: Ek glo...omdat daar orde is... ontken ek nie die chaos en soms moeilike plekke waar ek myself in mag bevind nie. Ek bely nie hiermee dat die lewe perfek is en alle verhoudings in plek is nie, MAAR ek bely en erken dat ek saam met God verlang na ’n wêreld waar alles in verhouding tot mekaar pas en ek beywer my om deel te wees van hierdie herskepping en ordeningsproses. Ek bely daarmee my diep afhanklikheid en vertroue in God en nooi Hom uit om ook my lewe te kom orden en herskep.